85/85

Saaknommer: 77/85

WHN

JAN PEDISE ............. Appellant

en

DIE STAAT ................ Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

JAN PEDISE ........................ Appellant

en

DIE STAAT ........................ Respondent

Coram: JOUBERT, HOEXTER et BOTHA ARR.

Verhoor: 23 Augustus 1985

Gelewer: 30 Augustus 1985

---

U I T S P R A A K

JOUBERT, AR:

/Op .........

Op 27 November 1984 is die appellant, 'n 29 jarige Swartman, in die Kuruman/Vryburg Rondgaande Plaaslike Afdeling te Vryburg deur MALHERBE R en twee assessore daaraan skuldig bevind dat hy op Sondag 11 Maart 1984 Hentsie Strauss (hierna „Hentsie" genoem) en Jakob Strauss (hierna „Jakob" genoem) op die plaas Randjies in die distrik Postmasburg vermoor het. Die verhoorhof het bevind dat daar ten aansien van beide moorde geen versagtende omstandighede was nie en die appellant is gevolglik dubbele doodvonnisse opgelê. Met verlof ingevolge art 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet 51 van 1977 kom die appellant na hierdie Hof in hoër beroep teen sy twee doodvonnisse.

Uit die aanvaarde getuienis en bevindings van die verhoorhof blyk kortliks die volgende aangaande die tersaaklike agtergrond en omstandighede wat op die pleging van die moorde betrekking het. Die appellant het in die distrik Postmasburg op die plaas Rekord van mnr Kruger grootgeword. Toe die dubbele moorde op die aangrensende plaas Randjies van mnr Markram gepleeg is, was die appellant 'n paar maande werkloos. Hy het die aand van 10 Maart 1984 vir sy ma by 'n veepos op die plaas Rekord gekuier. Die oggend van 11 Maart 1984 is hy na die opstal van die plaas Rekord. Toe hy uitvind dat mnr Kruger en sy vrou nie tuis was nie het hy by die woonhuis ingebreek waar hy o.a. 'n bottel whisky, 'n .22 vuurwapen en ammunisie gesteel het. Volgens mnr Kruger se getuienis was die

bottel whisky „miskien 'n klein bietjie meer as half". Daarenteen het die appellant beweer dat dit 'n vol bottel was. Die verhoorhof het mnr Kruger se getuienis oor die hoeveelheid whisky aanvaar en die appellant s'n verwerp. Die appellant het toe gestap na die plaas Randjies om te gaan kuier. Op pad het hy 'n half bottel brandewyn uitgedrink, 'n zol dagga gerook en geslaap. Die leë bottel brandewyn het die appellant na sy arrestasie aan die polisie gaan toon (Bewysstuk 6) waar hy dit in die veld weggegooi het. Hy het die vuurwapen onder=soek en dit reggekry om 'n patroon in die vuurkamer daarvan te sit. Hy het 'n skoot afgevuur. Dit was die eerste skoot wat hy met 'n vuurwapen geskiet het. Hy het

/die .....

die vuurwapen met 'n ander patroon gelaai en toe die gelaaide vuurwapen in die seilsak gesit wat hy om sy skouer gedra het. Hy het geweet dat dit 'n gevaarlike wapen is en dat iemand wat daarmee geskiet word, gedood kan word. Teen sononder het hy op die plaas Randjies aangekom. In kruisondervraging het hy beweer dat hy gedrink was maar hy kon reguit loop en normaal praat. Hy het nie geslinger nie en hy het geweet wat hy doen. Dat hy normaal geloop en gepraat het, word bevestig deur die lekegetuienis van die Staatsgetuies soos Stephanus Prins, Sara Prins, Mieta Prins en sy oom Paul Pedise wat hom op daardie stadium op 'n kort afstand gesien het en/of met hom gepraat het of hoor praat het. Die appellant is vanaf sy oom Paul Pedise na die huis van Booi Stander

/waar .....

waar hy ongeveer 'n uur vertoef het. Die verhoorhof het tereg Booi Stander se getuienis dat die appellant by sy skermmuurtjie gestaan het sonder dat hulle met mekaar gesels het, verwerp as onwaarskynlik. Die verhoor=hof het die appellant se weergawe dat hy en Booi Stander met mekaar gesels het en die gesteelde whisky gedrink het as meer waarskynlik aanvaar. Maria Louw wat langs Booi Stander woon, het bevestig dat Booi Stander en die appellant met mekaar gesels het maar sy het ontken dat hulle gedrink het. Teen slapenstyd het die appellant gepoog om 'n vrou vir die aand te kry. Hy het hom eers gewend tot Sanna/Matselane Stander, die jong dogter van Booi Stander, maar sy het hom ontwyk deur pad te gee. Die appellant is toe na die huis van Stephanus. Hy

beweer dat hy daar na Sanna Stander gaan soek het maar die verhoorhof het die getuienis van Stephanus, Sara en Mieta aanvaar dat hy laasgenoemde, die 17 jarige dogter van Stephanus, wou hê. Stephanus se sinkhuis bestaan uit twee klein vertrekkies nl. 'n kombuis met 'n buitedeur en 'n slaapkamer agter die kombuis. Op daardie tydstip het Stephanus, sy vrou Sara en hul drie jong kinders in die slaapkamer gelê. In die kombuis het Mieta, Danster, Samson en die twee oorledenes gelê of gesit terwyl 'n paraffienlamp gebrand het. Die buitedeur was oop en hulle het met mekaar gesels. Toe die appellant by die buitedeur opdaag om Stephanus se dogter te kry, het Stephanus geweier om aan sy opdrag te voldoen. Die appellant het Hentsie, 'n 15 jarige seun, wat op die

vloer teenoor die buitedeur gesit het, aangesê om haar vir hom te bring of te laat uitkom. Toe Hentsie weier of versuim om gehoor te gee, het die appellant op 'n kort afstand hom in sy kop geskiet. Hy is so te sê onmiddellik dood volgens die mediese getuienis. Die verhoorhof het die appellant se weergawe as sou Hentsie gedreig het om hom aan te val en as sou hy teen Hentsie in noodweer opgetree het terwyl Jakob en nog 'n man die appellant vasgehou het as vals verwerp. Toe die skoot geklap het, het Mieta opgespring en deur die opening na die slaapkamer gevlug. Jakob het na buite gevlug. Die appellant het die kombuis binnegekom tot by die opening na die slaapkamer en 'n tweede skoot afgevuur. Hierdie skoot het hy na Stephanus geskiet maar dit was mis. Daarna het die

appellant die sinkhuis verlaat met die dreigement dat hy sou terugkeer om „klaar te maak" nadat hy die mense by die opstal „klaargemaak het". Hy is toe na die huis van Dawid Stanley waar hy sonder welslae probeer het om laasgenoemde se vrou Maria Louw te kry. Die appellant is toe in die rigting van die opstal wat ongeveer 400 m daarvandaan is om Jakob voor te lê wanneer hy van die opstal terugkeer. Hy het naby die voetpad op sy hurke gaan sit, die vuurwapen gelaai, Jakob ingewag en toe Jakob ongeveer 3 tree van hom af was, het hy die vuurwapen opgelig en Jakob 'n noodlottige skoot in sy bors geskiet. Die verhoorhof het bevind dat die appellant beide oorledenes koelbloedig en berekend doodgeskiet het. Die appellant het erken dat hy vir beide oorledenes kwaad was en dat

/hy .....

hy hulle wou „straf". Jakob sou dan met hom baklei het by Stephanus se huis maar hierdie weergawe van hom is deur die verhoorhof verwerp, soos hierbo vermeld.

Die bewyslas rus op die appellant om die bestaan van versagtende omstandighede ten tyde van die pleging van die twee moorde op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys. Daar moet 'n feitebasis wees waarvan die aan=wesigheid van versagtende omstandighede afgelei kan word. In die onderhawige geval het die appellant twee ongewapende weerlose slagoffers op 'n koelbloedige en berekende wyse kort na mekaar dieselfde aand doodgeskiet. Namens die appellant is betoog dat verskeie faktore, soos die inname van drank, provokasie deur die oorledenes en gebrek aan voorafbep ing om doodslag te pleeg, kumulatief geneem

/wel....

wel versagtende omstandighede sou daarstel. Die verhoorhof het al hierdie faktore baie sorgvuldig oorweeg.

Na my oordeel het die verhoorhof in sy bevinding dat daar geen versagtende omstandighede is nie geensins ŉ mistasting of ŉ ander onreëlmatigheid begaan nie. Bowendien in die lig van al hierdie aanvaarbare getuienis kan dit na my oordeel nie gesê word dat die verhoorhof nie redelikerwyse tot sy bevinding kon gekom het nie. Daar is geen feite=basis aan die hand waarvan versagtende omstandighede op ŉ oorwig van waarskynlikhede bevind kan word nie.

Die appèl teen die doodvonnisse word afgewys.

C. P. JOUBERT AR.

HOEXTER AR.)
BOTHA AR.) Stem saam.